Verlede maand OOS-KAAP

O-Kapenaars is té lief vir drank

Deur Maryke Low | Maandag, Junie 26, 2017 12:30

'N MEESTERPLAN om dwelmmisbruik in die Oos-Kaap te beveg, word vandag bekend gestel in Cala, wes van Mthatha.

Die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling sal 'n byeenkoms hê in ooreenstemming met die Verenigde Nasies se internasionale dag teen dwelmmisbruik en onwettige handel. Dié plan is glo 'n reaksie op die dwelmmisbruik-epidemie wat onder veral tieners in die Oos-Kaap voorkom.

Volgens *RNews*, 'n plaaslike aanlyn nuusagentskap, sê Mzukisi Solani, woordvoerder van die departement van maatskaplike ontwikkeling: "Die negatiewe gevolge van die hoë koers van dwelmmisbruik in die Oos-Kaap manifesteer onder die jeug.

"Die situasie veroorsaak maatskaplike euwels soos hoë misdaadsyfers, skool drop-outs en moeder- en kind-sterftes as gevolg van fetale alkoholsindroom."

Volgens Solani is alkohol die oorheersende vorm van middelmisbruik in die Oos-Kaap.

" 'n Onlangse studie deur die stigting vir alkohol verwante narvorsing (Farr) toon dat een uit elke tien graadeen-leerders gebore is met die nagevolge van ma's se drink(gewoontes) tydens swangerskap.

"Baie Oos-Kaapse vroue begin op die ouderdom van so jonk as tien jaar alkohol drink en dié gebied het nou die hoogste aantal aangemelde gevalle van fetale alkoholsindroom in die wêreld," sê Solani.

In Nelson Mandelabaai lyk dinge maar sleg in Bethelsdorp en Helenvale. By 13% van die gr. 1-leerders is fetale alkoholsindroom gediagnoseer.

Die Oos-Kaapse Drankraad het in 2013 opdrag vir dié studie gegee en dit sal volgens Solani vanjaar nog voortgaan.

Die meesterplan se doel is om maatskaplike laste, asook die gesondheidsimpak wat deur middelmisbruik veroorsaak word, in die Oos-Kaap te verminder.

Ryan Maggs, 'n gewese verslaafde en uitvoerende hoof van Addictsunite.co. za, meen alkohol is volgens sy ervaring veral die een ding wat lei tot slegte besluitneming onder die jeug.

"Dié slegte keuses kan lei tot dwelmmisbruik, tienerswangerskappe en die opdoen van seksueel oordraagbare siektes," het Maggs bygevoeg.

Volgens hom is die keuse van dwelms in die Oos-Kaap meestal alkohol, tik en Stilpane-tablette. "Alkohol sal altyd seëvier as gevolg van onbeskermende welte – alkohol gaan ons jeug lei tot ander rampspoedige bestemmings."

Maggs meen die meesterplan moet voorkomingsopleiding insluit, anders sal die bose kringloop sonder einde voortgaan.